higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SIELKUNDE VAN LEER
NKR VLAK 3

(5050073)

6 Maart 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

282Q1S2006

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Voltooi die volgende sinne deur 'n woord uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

kwadrante; linker-; fyn; interpersoonlike; stimulasie; ewehandig; regter-; kind; intrapersoonlike; groot; volwassene; stres

1.1.1 As 'n kind in staat is om enige hand met gelyke vaardigheid te gebruik, staan hy/sy bekend as ...

1.1.2 Wanneer 'n individu inligting analities en logies verwerk, kan hy/sy ... breindominant wees.

1.1.3 Aktiwiteite soos hardloop, skop, spring en klim staan bekend as die ontwikkeling van ... motoriese vaardighede.

1.1.4 'n Kernbeginsel van kinderleer is geskikte ...

1.1.5 Die ontwikkeling van vaardighede wat verband hou met die sintuie is belangrik in ... leer.

1.1.6 In ... leer, verskaf ondervinding die grondslag vir leeraktiwiteite.

1.1.7 Elke hemisfeer van die brein is in twee gedeeltes verdeel, bekend as ...

1.1.8 ... beïnvloed leer- en konsentrasievlakke en tas werkverrigting aan.

1.1.9 As iemand ... intelligensie besit, is hulle in staat om goed met ander mense in interaksie te tree.

1.1.10 ... intelligensie verwys na iemand wat hul eie doelwitte en emosies baie goed verstaan.

(10 × 1) (10)

1.2 Daar is positiewe en negatiewe effekte verbonde aan kinders wat televisie kyk.

Wat is jou eie mening oor kinders en televisiekyk? (3)

1.3 Definieer die volgende:

1.3.1 Formele leer (2)

1.3.2 Informele leer (2)

1.3.3 Emosionele intelligensie (3)

1.4 Lees die volgende scenario en beantwoord die vraag.

Olivia is in Graad 10 aan Edendale Hoërskool en is tipies 'n linkerbrein-persoon. Sy verwerk enige vorm van inligting wat sy ontvang op 'n baie analities en logiese manier. Sy is nie sensitief van aard nie en laat nie toe dat haar gevoelens oorheers nie.

Watter VIER aktiwiteite kan sy doen wat haar regterbrein sal stimuleer? (4)

1.5 Die heelbreinleerproses betrek sowel die regter- as linkerkante van die brein by leer.

Stel DRIE aktiwiteite voor wat jy kan doen wat die regter- en linkerkante van die brein gelyktydig sal gebruik. (3 × 2) (6)

[30]

VRAAG 2

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1.1 Ons oortuigings is gebaseer op dit wat ons dink waar en werklik is.

2.1.2 Om poetse op leerders te bak, is aanvaarbaar, mits dit net nou en dan plaasvind.

2.1.3 Dit is onwettig vir onderwysers om romantiese verhoudings met hul leerders te hê.

2.1.4 Kinders kan onetiese gedragspatrone vertoon as hul rolmodelle soortgelyke patroneopenbaar.

2.1.5 Eienskappe of kenmerke wat vir ons belangrik is, staan bekend as etiek.

(5 × 1) (5)

2.2 Die verhouding tussen ouer en kind kan die kind se leer en ontwikkeling beïnvloed.

Noem DRIE maniere waarop 'n ouer hul kind se ontwikkeling kan bevorder.

(3 × 2) (6)

2.3 Lees die onderstaande opskrifte en beantwoord die vrae.

KAAPSTAD

Tydskrif

AANLYN leer in Suid-Afrika

Studeer in die kuberruimte: dit is aan die toeneem, maar

kan dit met kampusonderrig meeding?

[Bron: https://www.capetownmagazine.com]

2.3.1 Identifiseer VIER faktore wat by e-leer betrokke is. (4 × 2) (8)

2.3.2 Vergelyk die rol van die opvoeder in kampusonderrig (in die klas), teenoor 'n opvoeder in e-leer. (2 × 2) (4)

2.4 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae.

Joanne is in Graad 5. Haar pa is 'n prokureur van beroep, en haar ma is 'n tuisteskepper. Joanne het 'n ouer broer. Hul oupa was 'n mediese chirurg van beroep. As 'n akademikus het haar ma beeldende kunste en musiek aan die universiteit gestudeer. Nou is haar ma egter bipolêr en neem nou en dan haar toevlug tot alkohol, wat die familie gespanne en verleë maak. Die kinders kom dikwels tuis na 'n deurmekaar huis en onvoorbereide maaltye. Joanne se broer het met die verkeerde vriende deurmekaar geraak. Joanne sukkel ook om by te hou met haar skoolwerk, aangesien die meeste huishoudelike take haar verantwoordelikheid geraak het.

2.4.1 Vind inligting in die scenario om sowel die oorerwing- as omgewingsinvloede te ondersteun in die bepaling van die kinders se intelligensie. (3 × 2) (6)

2.4.2 Gee DRIE faktore wat 'n negatiewe uitwerking op Joanne se akademiese werk het. (3)

2.4.3 Vertoon Joanne se ma emosionele intelligensie? Staaf jou antwoord. (2)

2.5 Daar is 'n aantal elemente wat ons vermoë om te leer beïnvloed – dit is ons verstandelike vermoëns of kognitiewe vaardighede.

Noem DRIE elemente en verduidelik waarom jy dink jy goed daarmee vaar in jou kollegestudie. (3 × 2) (6)

[40]

VRAAG 3

3.1 Noem VIER leerstyle. (4)

3.2 Die menslike brein is die beheersentrum van die sentrale senuweestelsel.



Voorsien die bostaande diagram van byskrifte deur elke lob (A–D) te benoem. (4)

3.3 Volwasseneleer is afhanklik van bepaalde voorwaardes of beginsels.





Mense leer beter op hul eie as wat alles voorgesê word.
SOCRATES

Beskryf VIER voorwaardes wat noodsaaklik is vir volwasseneleer. (4 × 2) (8)

3.4 Identifiseer en verduidelik die VIER verskillende waardekategorieë. (4 × 2) (8)

3.5 Koöperatiewe leer erken dat elke leerder iets het om aan te bied.

Noem DRIE take wat kenmerkend is van die rol van die onderwyser in koöperatiewe leer. (3 × 2) (6)

3.6 Beskou jy jouself as 'n outonome of koöperatiewe leerder? Staaf jou antwoord. (2)

3.7 'As ek hoor, vergeet ek; as ek sien, onthou ek; as ek doen, verstaan ek' (Chinese spreekwoord).

Kinders leer die beste wanneer hulle fisiek dinge doen.

Skep VIER aktiwiteite vir Graad 1-leerders as voorbeelde van fisieke betrokkenheid by dit wat hulle leer. (4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 4

4.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1.1. 'n Voorbeeld van emosionele boeliegedrag is:

A Slaan en stoot
B Vernedering
C Spottery en naamnoemery of slegsêery
D Klap en slaan

4.1.2. Etiese probleme wat onderwysers in die klaskamer teëkom, is:

A Pratery
B Selfoongebruik
C Kullery
D Rommelstrooiery

4.1.3 'n Voorbeeld van onetiese gedrag onder leerders is:

A Om tydens 'n eksamen vir 'n vriend antwoorde te gee
B Om 'n sigaret te rook
C Om 'n toets te slaag sonder om te studeer
D Om 'n moeilike wiskundeoefening aan 'n maat te verduidelik

4.1.4 Om 'n gedragskode te oortree, beteken:

A Om dit aan te pas
B Om dit te verbreek
C Om dit te monitor
D Om dit te verander

4.1.5 Professionalisme verwys daarna:

A Om die korrekte werksgedrag te openbaar
B Om die korrekte sosiale gedrag te openbaar
C Om die korrekte persoonlike gedrag te openbaar
D Om die korrekte godsdienstige gedrag te openbaar

(5 × 1) (5)

4.2 Definieer die term *masjinale leer ('rote learning').* (2)

4.3 Beskryf in jou eie woorde wat praktiese intelligensie is, en dui aan hoe jy dit sal gebruik. (3 + 2) (5)

4.4 Etiek maak 'n integrale deel uit van sowel kinder- as volwasseneontwikkeling, hetsy intellektuele, fisieke of sosiale ontwikkeling.

4.4.1 Kies VIER redes waarom kinders oneties kan optree. (4 × 2) (8)

4.4.2 Noem VYF algemene onetiese praktyke wat 'n werknemer in die werksplek kan openbaar. (5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 5

5.1

Bella is 'n dogtertjie in die laerskool. Sy gee aandag wanneer haar onderwyser verduidelik hoe om take te verrig en onthou die instruksies sonder dat sy dit wat op die swartbord geskryf is, hoef te lees. Sy leer baie deur middel van besprekings en hou daarvan om leiding te neem.

5.1.1 Watter tipe leerder is Bella? Staaf jou antwoord. (2 × 2) (4)

5.1.2 Kies VIER strategieë wat Bella se onderwyser kan gebruik om haar leerstyl te verbeter. (4 × 2) (8)

5.2 Leer deur middel van spel is 'n term wat gebruik word om te beskryf hoe 'n kind kan leer om die wêreld om hom/haar te verstaan.

Verduidelik VIER funksies van spel. (4 × 2) (8)

5.3

Me Mbeki is 'n onderwyser wat daarvan hou om baie te praat en nuwe onderwerpe vir haar leerders te verduidelik. Sy sluit ook vraagstelling in om seker te maak dat hulle verstaan wat sy vir hulle geleer het. Me Mbeki balanseer dit deur pretuitstappies met haar leerders te onderneem en hulle aan te moedig om navorsing te doen oor wat hulle tydens die uitstappies gesien en geleer het.

5.3.1 Watter DRIE onderrigmetodes gebruik me Mbeki? Staaf jou antwoorde. (3 × 2) (6)

5.3.2 Noem en verduidelik enige TWEE ander onderrigmetodes. (2 × 2) (4)

5.4 Wat is verbale en nieverbale vermoëns? Gee 'n voorbeeld van elk. (2 × 3) (6)

5.5 Leer en geheue is konsepte wat nou met mekaar verband hou. Sonder geheue sal leer onmoontlik wees.

5.5.1 Definieer *langtermyngeheue.* (2)

5.5.2 Identifiseer EEN voordeel daarvan om jou langtermyngeheue te verbeter. (2)

[40]

TOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou